Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

23 Oktober 2020

Die Hoërskool Wonderboom

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. TOETSREEKS: NOVEMBER

Die toetsreeks in November begin reeds op 16 November vir alle leerders in Graad 8-11. Sommige Graad 10- en 11-leerders moet ook in die voorafgaande week in sekere praktiese vakke toetse aflê. Die toetsreeksrooster is reeds beskikbaar op die skool se webwerf en ook op all Afrikaanse- en Wiskunde Google Classrooms. Daar word nie kopieë gemaak en aan leerders uitgedeel nie.

Let daarop dat ons as gevolg van die COVID-maatreëls die leerders in meer lokale laat skryf en alle nodige maatreëls volg om die leerders so veilig as moontlik te hou. "Lockdown"-leerders moet ook die toetsreeks by die skool kom aflê.

Aangesien die toetse in sekere vakke tot en met 40% van die leerders se promosiepunt tel, wil ons leerders weereens daarop wys dat dit belangrik is om goed voor te berei.

2. ALGEMENE OUERVERGADERING (BEGROTING)

Soos reeds in die vorige nuusbrief vermeld, vind die jaarlikse ouerbegrotingsvergadering op **Donderdag, 5 November, om 18:00** in die Flambojantsaal plaas. Hierdie is 'n belangrike vergadering aangesien die begroting vir 2021 dan deur die ouers goedgekeur sal word. U word dus ernstig versoek om die vergadering by te woon. Indien daar nie 'n kworum ouers teenwoordig is nie, sal 'n opvolgvergadering op Donderdag, 26 November om 18:00 in die personeelkamer plaasvind. Ouers is welkom om die begrotingsdokument by die ontvangskantoor te kom besigtig. Die ontvangskantore is op Maandae tot Donderdae vanaf 7:00 tot 14:30 en op Vrydae vanaf 07:00 tot 14:30 oop.

3. RAPPORTE

Die graad 8-11 leerders ontvang rapporte aan die begin van kwartaal vier. Die rapport sal die leerders se derde kwartaalpunt insluit, sowel as die jaarpunt (SBA). Soos u reeds verneem het, tel die SBA in Graad 8-9 80% van die leerders se finale punt en in Graad 10-11 tot en met 60%. Leerders moet dus vroegtydig seker maak dat alle SBA-take afgehandel word.

4. TREK GEMAKLIK AAN EN ONDERSTEUN DIE KOSKAS

Die Wonnie Koskas is tans amper leeg. Verskeie Wonnie families ontvang maandeliks hulp vanuit die koskas. Kom ondersteun dus hierdie Wonnies deur op die volgende dae vir slegs R10.00 gewone klere aan te trek:
Groep 1: Donderdag 5 November 2020
Groep 2: Vrydag 6 November 2020

5. WONNIES IDOLS

6. WONNIES SÊ TOTSIENS

Die Wonnies groet ook vandag vir meneer Gehan Snyder. Meneer Snyder het 'n departementele pos by Hoërskool Pretoria-Noord aanvaar. Sterkte met die nuwe uitdaging wat voorlê.

7. VAKANSIEGROETE

Die skole sluit vandag vir 'n kort vakansie. Ons wens alle Wonnies 'n heerlike rustyd toe. Die skole heropen weer op 2 November 2020. Die dae vir die eerste week is as volg:

Maandag 2 November – Dag 3 Groep 2
Dinsdag 3 November – Dag 4 Groep 1
Woensdag 4 November – Dag 4 Groep 2
Donderdag 5 November – Dag 5 Groep 1
Vrydag 6 November – Dag 5 Groep 2

Wonnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF